



eduresourceza.com



ST. BENEDICT'S COLLEGE
PROEFEKSAMEN JULIE 2019

ST BENEDICT'S

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL I

Eksaminator: L. Swart

Moderators: U. Smith, A. Stothard, J. van Eeden

Tyd: 2 ½ uur

100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
 2. Hierdie vraestel bestaan uit VIER AFDELINGS:

Afdeling A - Leesbegrip (30 punte)
Afdeling B - Opsomming (10 punte)
Afdeling C - Poësie (30 punte)
Afdeling D - Taalvaardighede (30 punte)
 3. Beantwoord al die vrae.
 4. Beplan jou antwoorde deeglik voordat jy dit neerskryf.
 5. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy in jou Antwoordboek.
 6. Nommer jou antwoorde soos die vrae op die vraestel.
 7. ALLE vrae moet **in Afrikaans** beantwoord word.
 8. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.
-

AFDELING A

LEESBEGRIP

VRAAG 1

KOERANTBERIG

KYK: “Help! Daar is ‘n luiperd agter my wasmasjien’

‘n Veearts in Gauteng het Maandag ‘n ongewone oproep ontvang waarin hy versoek is om ‘n luiperd uit ‘n huis in Benoni te verwyder.

Dr. Cliff Bull van die Craig View Veterinary Clinic sê hy was besig om koedoes met pyle te verdoof toe die Dierebeskermingsvereniging (DBV) hom gekontak het oor ‘n luiperd wat in iemand se tuin gesien is.

Die dier het glo ‘n werker en ‘n hond die skrik op die lyf gejaag. Maar toe Bull hoor dat die luiperd so groot soos ‘n kruising tussen ‘n labrador en pitbull is, het hy gedink iemand het die kat aan die stert beet.

Bull het later gehoor dat die luiperd nou in iemand se waskamer vasgekeer is.

“Die werker het glo by die waskamer ingeloop, die luiperd gesien, uitgehardloop en die deur toegedruk.”

Die feit dat die jong luiperd in die waskamer vasgekeer was, het dinge vir Bull vergemaklik.

“Dit is nie jou gewone huiskat wat jy sommer net kan aankeer nie. Wat baie mense nie verstaan nie, is dat die meeste katte opvlieënd is en vinnig reageer. Die oomblik wanneer die verdowingspyle hulle tref, sal hulle voluit op jou afstorm,” het Bull aan News24 gesê.

Bull het gesien hoe die kat opspring en vir mense grom wanneer hulle naby die venster kom. Hy het dus besluit om by ‘n ander venster stelling in te neem om die luiperd met ‘n verdowingspyl te skiet.

“Ek het gevra dat iemand die kat se aandag aftrek en toe my posisie ingeneem. Toe die luiperd opspring, het ek hom in die regterskouer geskiet.”

Dit was egter nie die einde van die probleme nie.

Die luiperd, wat toe al gekalmeer het, het aan een van die waterpype begin byt en water het in die klein kamertjie met sy elektriese toestelle begin uitloop.

Bull het egter geen ander keuse gehad as om te wag dat die luiperd heeltemal onder verdowing is nie.

“ ‘n Luiperd wat net halfpad verdoof is, kan steeds baie skadig aanrig,” sê hy.

Bull het ‘n verestoffer en sy selfoon gebruik om te kyk of die luiperd in die waskamer al in droomland is. Daarna het hy hom aan die stert gegryp en by sy nek (vir die dier se veiligheid) opgetel.

Hy het die luiperd buitentoe geneem en oorhandig aan 'n span wat wilde diere rehabiliteer. Hy sal ondersoek word en later weer vrygelaat word.

[Verwerk uit: Netwerk24, 23 Julie 2019]

- 1.1 Die veearts kry gereeld oproepe om 'n luiperd te gaan verwyder. (1)
- 1.1.1 Is die bogenoemde stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 1.1.2 Haal 'n gedeelte uit die teks aan om jou antwoord te bewys. (1)
- 1.2 Waarmee was Dr. Bull besig toe hy die oproep kry? (1)
- 1.3 Haal 'n **uitdrukking** aan wat sê dat jy nie weet waarvan jy praat nie. (1)
- 1.4 Kon die luiperd uit die waskamer ontsnap? Hoekom sê jy so? (1)
- 1.5 Haal een woord uit die teks aan wat sê dat dit nie baie moeilik sou wees vir Bull om die luiperd uit die waskamer te verwyder nie. (1)
- 1.6 Hoe het die luiperd aan die mense gewys dat hy kwaad is? (1)
- 1.7 Waarom was dit gevaarlik toe die luiperd aan die waterpype begin kou het? (1)
- 1.8 “... *in droomland is*”, beteken: (1)
- A Die luiperd is in 'n land met baie drome.
- B Die luiperd is vas aan die slaap.
- C Die luiperd droom van 'n land.
- 1.9 Hoekom het Bull die luiperd aan sy nek opgetel? (1)
- 1.10 Hoekom dink jy was dit baie vreemd vir die mense om 'n luiperd in hulle waskamer te kry? (1)
- [10]

VRAAG 2

ADVERTENSIE



3,4,5 AUGUSTUS 2018
www.nippertjiefees.co.za

3000 Naweek Kaartjies R200 - Fees info 087 551 1023
 info@nippertjiefees.co.za

3AUG 3pm Kaartjies R120 (Aanlyn)
 Ollie die Nar | Ventertjies | Chrizaan | Zander | Stephan Visagie
 Piet Pempies

4AUG 10am Kaartjies R120 (Aanlyn)
 Agtergrond Musiek | Ollie die Nar | Geraldene van Dyk | Tjiff & Tjaff
 Campbells | Impact Boxing Club | Zander van Wyk | Vernon Barnard
 Elvis se Seun | Dirk vd Westhuizen | Flooze & Surina | Marula Boom
 Wicus vd Merwe

5AUG 3pm Hek fooi gratis **Bring kamp stoel**
 Gebed en danksegging in eenheid. Vele orkeste en Joe Niemand

sms INGWE en NAAM na 45633 en WEN naweek kaartjies!

2 Verhoë | Stalletjies | Bier Plaas | Kinder Pretpark | Baie Kos | 150 Ton Kraan

[<https://showme.co.za/vaal/events-entertainment/nippertjiefees-by-ingwe-lodge/>]

- 2.1 Wie sal belangstel in die advertensie? (1)
- 2.2 Alkohol gaan by die fees verkoop word.
 - 2.2.1 Is die bogenoemde stelling WAAR of ONWAAR.
 - 2.2.2 Motiveer jou antwoord. (2)
- 2.3 Noem 'n kunstenaar wat die kinders sal geniet? (1)
- 2.4 Wat kan jy by die stalletjies doen? (1)
- 2.5 Wanneer kan iemand wat nie vir 'n kaartjie wil betaal nie, na die fees gaan? (1)
- 2.6 Is die fees 'n familiefees? Hoekom sê jy so? (1)
- 2.7 Van watter sosiale mediaplatform maak die fees gebruik? (1)
- 2.8 Die kaartjies is R200 per persoon. Hoe kan jy 'n goedkoper kaartjie koop? (1)
- 2.9 Wat moet jy doen as jy aan die kompetisie wil deelneem? (1)

[10]

VRAAG 3

STROKIESPRENT



- 3.1 Sê in jou eie woorde wat die man se goeie daad was? (1)
- 3.2 Hoe weet jy dat die man in die aand huis toe gekom het? (1)
- 3.3 Wat was die vrou besig om te doen voordat haar man by die huis gekom het? (1)
- 3.4 Watter visuele bewyse is daar dat die man te veel gedrink het? (1)
- 3.5 Wat het die man op die vloer laat val? (1)
- 3.6 Gee twee visuele bewyse dat die man nie netjies aangetrek is nie. (2)
- 3.7 Dink jy die vrou kan goed sien? Hoekom dink jy so? (1)
- 3.8 Wat sê die vrou se gesigsuitdrukking oor hoe sy voel? (1)
- 3.9 Wat hang teen die muur van die vertrek? (1)

[10]

[30]

AFDELING B

OPSOMMING

VRAAG 4

- Bestudeer die onderstaande teks.
- Skryf die woordtelling aan die einde van die opsomming neer.
- Moenie direk uit die teks aanhaal nie.
- Jou sal gepeenaliseer word as jou opsomming te kort (minder as 60 woorde) of te lank (meer as 80 woorde) is.
- **Elke hoofpunt moet slegs een sin bevat.**
- Trek 'n streep deur jou beplanning

ONTHOU

- Som die 5 soorte “vriende” wat jy op Facebook moet verwyder puntsgewys in jou eie woorde op.
- **Noem watter tipe vriend hulle is (een woord) en hoekom hulle verwyder moet word.**
- Begin elke keer met **Die ... , want ...**
- Jou opsomming moet 70 woorde lank wees.

Ja, dit was aanvanklik pret om lekker nuuskierig na hulle vakansiefoto's te kyk en te sien waarmee hulle hul besig hou, maar die grootprater se konstante plasings is altyd oor hoe wonderlik hulle lewens is. Sê totsiens vir enige iemand wat jou laat skuldig voel oor alles wat jy het.

Hulle hele Facebook-blad is besaai met vuil wasgoed - daar's geen privaatheid nie. Die sepiester huiwer nie om in die openbaar met 'n vriend te stry nie. Dit kan vermaaklik wees, maar deur hulle te verwyder kan jy die drama in jou lewe verminder.

Die volgende vriend hou dinge taamlik privaat, maar op die mees oordrewe en openbare manier. “Ek is so kwaad - ek kan nie glo mense kan dit doen nie.” “Watter mense? Wat doen hulle? Wie is hulle? Sê my!” Die geheimsinnige persoon hou van drama en aandag soek. Jy moet hulle nie hulle sin gee nie.

Hierdie mense kritiseer alles wat jy sê of doen. “Sjoe, dit kan regtig nie goed wees vir jou nie,” skryf hulle by foto's van jou ongelooflike nagereg wat jy so pas geëet het. Moenie die foutvinder toelaat om jou voor te skryf oor hoe jy jou Facebook-blad moet gebruik nie. As hulle nie daarvan hou nie - ontvriend hulle.

Dis tyd om mense te groet wat Facebook as 'n platform gebruik om argumente uit te lok. Die moeilikheidmaker plaas lelke aanmerkings om reaksie te kry. Ontvriend hulle; dis nie die moeite werd om opstandig te raak nie.

AFDELING C

POËSIE

VRAAG 5

VOORBEREIDE GEDIG

Lees die onderstaande voorbereide gedig noukeurig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

Staan op! - Fanie Viljoen

- 1 Staan op! As jy al ooit alleen was.
- 2 Staan op! As jy al ooit gespot is omdat jy gesê het
- 3 hoe jy werklik voel.
- 4 Staan op! As jy al ooit daaraan gedink het dat
- 5 niemand van jou sal hou as hulle jou werklik ken nie.
- 6 Staan op! As jy al ooit verwerp gevoel het omdat
- 7 jy te vet/te maer/te lelik/te ... was.
- 8 Staan op! As jy al ooit daaraan gedink het om
- 9 “iets aan jouself doen”.
- 10 Staan op! As jy dink dat daar net donker in die toekoms is.
- 11 Staan op! As jy partykeer nie antwoorde het op jou vrae nie.
- 12 Staan op! As jy al ooit jou pyn vir ander mense moes wegsteek.
- 13 Staan op! As jy dink jy is nie aanvaarbaar nes jy is nie.
- 14 Staan op! As jy al ooit gehuil het omdat jy jouself
- 15 nie kan verander nie.
- 16 En kyk - hoeveel mense sit nog om jou?

[Bron: Toulopers: Verse vir Tieners - saamgestel deur J Jacobs, Lapa 2011]

- 5.1 Watter taalstruktuur kom in die titel van die gedig voor? (1)
- 5.2 Waarom is daar elke keer ‘n uitroepteken aan die einde van “Staan op!”? (1)
- 5.3 Kies die regte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en letter in jou antwoordboek neer.
 Reëls 2 en 3 word deur middel van _____ aan mekaar verbind.
 A assonansie
 B enjambement
 C onomatopée
 D rymskema (1)
- 5.4 Wat is die funksie van die ellips in reël 7? (1)
- 5.5 Verduidelik in jou eie woorde wat dit beteken as iemand jou **verwerp** (reël 6). (1)

- 5.6 Haal 'n reël uit die gedig aan wat wys dat die skrywer al aan selfmoord gedink het. (1)
- 5.7 Haal 'n voorbeeld van **alliterasie** aan en **onderstreep** die gedeeltes om die alliterasie aan te dui. (1)
- 5.8 Hoekom gaan dit vir party mense moeilik wees om op te staan? (1)
- 5.9 Kies die regte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en letter in jou antwoordboek neer.

Die herhaling van die woorde "Staan op!" is 'n voorbeeld van

- A vergelyking
- B enjambement
- C anafora
- D kontras

(1)

- 5.10 Hoe word die laaste versreël beklemtoon?

(1)

[10]

VRAAG 6

VOORBEREIDE GEDIG

Lees die onderstaande gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Sterrekyker - Franci Greyling

- 1 Ek skryf 'n brief aan die man op die maan -
- 2 bladsye en bladsye vol.
- 3 Ek rol dit in 'n koker op,
- 4 bind dit aan 'n pyl
- 5 en skiet dit met 'n wilgerboog
- 6 dat dit hoog die lug inseil.
- 7 Ek sien hoe dit deur die sterre trek
- 8 en om die maan gaan draai
- 9 en al verder deur die donker lug
- 10 'n duisend briewe saai.
- 11 Nou wonder ek
- 12 - en wonder jy -
- 13 het hy ooit sy pos gekry,
- 14 of sou daar iemand anders wees
- 15 wat al dié briewe dalk nou lees?

[Bron: Toulopers: Verse vir Tieners - saamgestel deur J Jacobs, Lapa 2011]

- 6.1 Watter tipe spreker kom in die gedig voor? (1)
- 6.2 Aan wie is die spreker se brief geadresseer? (1)
- 6.3 Haal 'n reël uit die gedig aan wat wys dat die spreker baie het om te sê? (1)
- 6.4 Hoe weet ons dat die spreker die brief wil beskerm? (1)
- 6.5 Haal 'n metafoor uit die gedig aan. (1)
- 6.6 Na wie verwys die "jy" in die tweede strofe? (1)
- 6.7 Wat is die tema van die gedig? (1)
- 6.8 Wat is die funksie van die enjambement in die gedig? (1)
- 6.9 Haal 'n voorbeeld van eindrym uit die gedig aan. Onderstreep die gedeeltes om die eindrym aan te dui. (1)
- 6.10 'n Gedig wat oor die skryf van gedigte gaan word _____ genoem. (1)

[10]

VRAAG 7

ONGESIENE GEDIG

Lees die onderstaande gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Postmatriek-limerieke

- 1 Klein Kosie die Klofie het ie kaa
- 2 Hy wil dus gaan leer vir see aa
- 3 Ná te veel jolyt
- 4 En ook tot sy spyt
- 5 Kry hy op die end net 'n bee aa

- 1 Van Hoër Meisieskool kom Milanhie
- 2 Sy't lyf en is ook glad nie skaam nie
- 3 So uit en gedaan
- 4 Sy gaan na Milaan
- 5 Maar rondings staan hul nie aan

- 1 Ná drama kom wink mos LA
- 2 Glo ekstrovert-meisie Marné
- 3 Ontmoet 'n swierbol
- 4 Begin rond te jol
- 5 Haar drome word skoon weggevry

- 1 Uit Beaufort kom Boeta de Beer
- 2 Van skaap en wol wil hy leer
- 3 Maar hy wil ook trou
- 4 So boer soek 'n vrou
- 5 Aan kinders is daar nou geen keer

- 1 Groot Gert is in die eerste span Gim
- 2 Gevaarlike flank speel ook slim
- 3 Haal Craven alweer
- 4 En nou's daar geen keer
- 5 Die leer gaan hy nou begin klim

[Bron: Sterkykers: Gedigte vir tieners - saamgestel deur J Jacobs, Lapa 2016]

7.1 Waaroer handel die limerieke? (1)

7.2 Uit hoeveel versreëls bestaan 'n limeriek? (1)

- 7.3 Hoe weet ons dat Klein Kosie slim is? (1)
- 7.4 Hoekom het Milanhie na Milaan gegaan? (1)
- 7.5 Haal 'n versreël aan wat wys dat Marné nooit in LA uitgekom het nie? (1)
- 7.6 Watter TWEE dinge wil Boet de Beer graag doen? (2)
- 7.7 Hoe weet ons dat Groot Gert 'n baie goeie rugbyspeler is? (1)
- 7.8 Wat beteken die versreël "die leer gaan hy nou klim"? (1)
- 7.9 Gee EEN woord uit die gedig, wat iemand wat maklik met ander mense praat, beskryf. (1)
- [10]
- [30]**

AFDELING D

TAALVAARDIGHEDE

VRAAG 8

SINSTRUKTURE

Bestudeer die strokiesprent en skryf dan die sinne soos aangedui:



8.1 Die seun sê dat hy nie meer huiswerk wil doen nie.

Die seun sê: "..."

(1)

8.2 Het die seun al met sy onderwyser gepraat?

Nee, ...

(1)

8.3 Die seun praat met sy onderwyser. Hy sit sy voete op die tafel.

Nadat ...

(1)

8.4 Die seun besluit om 'n ding te word.

Volgende week ...

(1)

8.5 Die onderwyser moet vir die seun sê om sy huiswerk te doen.

Die onderwyser behoort ...

(1)

8.6 Die seun doen nie meer huiswerk nie sodat hy 'n ding kan word.

Die seun doen nie meer huiswerk nie om ...

(1)

8.7 Die seun moet sy voete elke dag op die tafel sit.

Sy voete ...

(1)

8.8 Die seun het besluit om nie meer huiswerk te doen nie. Die seun sit sy voete op die bank.

Die seun wat ...

(1)

8.9 Die onderwyser vra: "Neelsie, Wil jy nie meer huiswerk doen nie?"

Die onderwyser vra vir Neelsie ...

(1)

8.10 Die seun se pa het gesê hy moet 'n ding word. Hy doen nie meer huiswerk nie.

Die seun se pa het gesê hy moet 'n ding word; daarom ..

(1)

8.11 Die seun besluit om 'n ding te word.

Laas keer ...

(1)

8.12 Die seun moet sy huiswerk doen.

Die seun hoef ...

(1)

[12]

VRAAG 9

WOORDSTRUKTURE

Lees die onderstaande paragraaf deur. Doen elke keer wat tussen hakies gevra word. Skryf die nommer en die korrekte antwoord in jou antwoordboek neer.

WhatsApp-tyd! Hier is die nuwe emoji's vir 9.1 (2018 - skryf uit in woorde)

9.2 (Elke jaar - gee een woord) word nuwe emoji's bekendgestel.

Ons is almal lief vir emoji's in ons teksboodskappe en dis 9.3 (byna - gee die sinoniem) onmoontlik om 'n boodskap te stuur sonder om die gebruiklike emoji by te voeg.

9.4 (Lag - gee die teenwoordige deelwoord) gesiggie.

Die klein 9.5 (kenteken - gee die verkleining) wat enigiets van blydschap tot hartseer kan oordra, het so vinnig deel geraak van ons 9.6 (klets + taal - gee die samestelling/een woord) en ons

9.7 (ken/weet - kies die korrekte woord) nie wat ons sou maak sonder ons geliefde emoji's nie.

Dis 9.8 (maklik - gee die sinoniem) om nie opgewonde te raak oor die 9.9 (nuwe - gee die intensiewe vorm) emoji's nie en met die nuwe reeks emoji's wat vrygestel is, gaan jy beslis

9.10 (baie - gee die vergrotende trap) pret hê 😊.

Die lys is deur Unicode, die 9.11 (instituut - gee die meervoud) wat verantwoordelik is vir die kies van emoji's vir alle sosialemediaplatforms, vrygestel.

'n Paar van die nuwe emoji's word al lank versoek en mense is in hul noppies oor die nuwe toevoegings. Mense gaan 9.12 (nie + gelukkig - gee een woord) die nuwe emoji's eers in die

9.13 (2 - gee die rangtelwoord) helfte van die jaar kan gebruik 😞.

Die 9.14 (news - gee die korrekte Afrikaanse woord) plaas egter nie 'n demper op die mense se opgewondenheid nie.

Op 9.15 (ons/hulle/julle - kies die korrekte voornaamwoord) merke, gereed en emoji - al is dit nou die 9.16 (gewoon - gee die korrekte vorm van die byvoeglike naamwoord) emoji's ...

[16 x ½ = 8]

VRAAG 10

KOMMUNIKASIE

INSTRUKSIES

- Lees die inligting wat op elke prent gebaseer is.
- Voer die instruksies, wat by elke situasie gevra word, uit.
- Skryf elke keer net die woorde neer wat die persoon praat.
- Elke respons moet tussen 15 en 20 woorde lank wees.



10.1

Dit is die laaste periode van die skooldag voor die vakansie. Die seun **wag** vir die einde van die periode. Hy is baie **opgewonde** oor die **vakansie**. Skryf neer wat hy **dink** en **hoekom** hy so opgewonde oor die vakansie is.

(2)



10.2

Die meisie was die hele dag in die son. Haar gesig het erg **gebrand**. Sy is **bekommerd**, want sy het 'n planne vir die aand. Skryf neer hoe sy **voel** en hoekom sy **bekommerd** is.

(2)



10.3

Jou beste vriendin het nou net gehoor sy het 'n **prys** **gewen**. Jy is baie **bly** vir haar en **wens** haar **geluk**. Skryf neer wat jy vir haar sê en noem ook **wat die prys** is.

(2)

10.4



Jy is **platsak** en moet aan 'n manier dink om **geld te verdien**. Jy bel jou beste vriend om sy **advies** te **vra**. Skryf neer wat jy vir hom **vra** en sê ook **hoekom** jy die geld nodig het. (2)

10.5



Jy en jou meisie is by die lughawe waar jy vir haar **totsiens** moet **sê**. Jy is baie **hartseer** dat sy weggaan. Skryf neer **hoekom** sy weggaan en wat jy vir haar sê.

(2)

[10]

[30]